

Saterdag 17 September

Skrifgedeelte: Openbaring 13 (AFR53/83)

Fokusgedeelte: Openbaring 13: 1-8

Ken jou vyand!

In aansluiting by gisteroggend se dagstukkies sien ons in die lig van Openbaring 13 dat die Skrif ons EEN kernwaarheid wil leer en dit is: *Ken jǒú vyand!* Want sodra jy jou vyand kan reg eien, herken en waarlik raaksien, is die geestelike geveg alreeds halfpad gewen. Iets soortgelyks vind ons ook by die wapenrusting in Efesiërs 6. Buiten dat die geestelike toerusting op 'n geestelike vlak "aangetrek" moet word tot beskerming, moet die gelowige óók ten eerste die vyand kan "raaksien" en "eien". Dit is baie belangrik, omdat Paulus in 1 Tessaloniërs 5 ons waarsku: *Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.*

Wat die vyand van God se koninkryk (duiwel) in die oog en ten doel het, is om JOU as gelowige se geloofsoë van God en van Christus af te haal. Dit het ons gesien in Genesis 3 by Adam en Eva. Met sy slinkse metode van twyfel en verwarring saai, kom hy met 'n masker na ons as kerk toe (Op. 12:17) om teen die kerk (liggaam van Christus) oorlog te maak. Hy haat die kerk! Hy haat die gelowiges! Hy haat ALLES wat staan vir die waarheid! Hy haat Christus. Hierdie dier uit die see verwys na die antichris. Die woord "anti-" in die Grieks beteken in ons taal "teenoor/gelyk aan/in die plek van". Dis juis wat sy DOEL is, om TEENoor Christus en sy bruid (kerk) stelling in te neem en te spot met alles wat heilig is (Op. 13:6-7). Maar méér nog, hy probeer as antichris *gelyk aan Christus* staan en *in die plek van Christus* staan. Hy sal orals en altyd Hom probeer namaak. Hy sal hom probeer kamoefleer om soos 'n messias en verlosser te lyk terwyl hy nie is nie. Dit is juis die gevaar.

Daarom waarsku Openbaring 13 ons dat ons nie die antichris moet verwar met die ware Christus nie. Daar is net EEN Verlosser en dit is Jesus Christus. Dit sê Hyself in Johannes 14: *Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.* As ons om ons kyk, is die tekens daar. Hoor Christus se voetstap na die voleinding. Die antichris is oorwin en sal finaal oorwin word (finale nekslag met die oordeelsdag). Die hoop beskaam nie.

Sing: Psalm 25-1:4

Ds. GJ Erasmus(Gert) (Pretoria-Magalieskruin)